R U T

J P BOTHA

Inhoudsopgawe

In die greep van hongersnood	4
Elimeleg soek uitkoms in Moab	5
Hananja se lewe in Moab	5
Elimeleg verlaat Betlehem	7
Die nuwe lewe in Moab	7
As rampe en teëspoed toeslaan	8
Naomi keer terug na Betlehem	9
Rut volg Naomi	10
Naomi terug in Betlehem	11
Rut ontmoet Boas	11
Boas verlief op Rut	12
Rut en die lossingsreg	13
Die nag op die dorsvloer	13
In die stadspoort	15
Boas trou met Rut	15
Naomi se nuwe geluk	16
Obed in Dawid se geslagsregister	16
Die mooiste liefdesverhaal in die Bybel	17

Die mooi liefdesverhaal wat vir ons in die Bybel opgeteken is

In die greep van hongersnood

Elimeleg vee die lastige sweet uit sy brandende oë, onderwyl hy staan en kyk hoe ‘n slingerende ou brandmaer kalfie agter sy ma aan strompel en saam met sy ander paar veetjies deur die hek van die ou klipkraal na binne verdwyn. Toe hy nader stap om toe te sien dat die hek deeglik gesluit kom, dink hy daaraan dat dit eintlik onnodig is, want so ver hy kan onthou het daar gedurende die afgelope twee jaar hier in die velde van Betlehem geen enkele bees weggeraak nie. Diewe steel nie sulke ellendige goed wat besig is om van maerte te vrek nie.

By die hek wag sy twee opgeskote seuns vir hom. Giljon is twaalf en Maglon is veertien jaar oud. Die swaar van die bitter langdurige droogte wat besig is om die eens groene velde van Betlehem en die hele Judea in ‘n woestyn te verskroei en die hongersnood wat mens en dier nie kan ontvlug nie, het reeds al sy droewige merk op hulle jeugdige gesigte gemaak.

So kan die toestand nie aanhou nie, dink Elimeleg. Sy weiveld en sy landerye hier in die Betlehemvlakte verskroei elke dag meer en meer in die versengende hitte van die son en ‘n knaende hongersnood begin sy voelers oor die geteisterde land uit te brei.

Elimeleg en sy seuns geniet die karige ete wat sy vrou Naomi na die beste van haar vermoë vir hulle berei het. Toe sy daarna besig is om op te ruim, sê sy vir haar man: “Die bietjie gebraaide koring wat ons vanaand gehad het, het ons liewe buurvrou Maria vir ons gestuur. Sy sê haar man het verlede week gaan kossoek en tot in Moab gegaan waar hy alles volop aangetref het. Hulle het pragtige vroeë reëns vanjaar gehad. Die beeste op die hooglande is vet en oral in die heuwels vloei bergstroompies na die Arnonrivier, op pad Dooie See toe.”

“My vrou, dis wonderlike nuus! Ek dink ek val net môre al in die pad soontoe, om te gaan kyk of dit so is. Ons kan nie langer meer hier op ons grond in liewe ou Betlehem bly nie. Ek moet gaan uitkoms soek. Ek gaan môre!”

Elimeleg soek uitkoms in Moab

"Dis goed, my man, maar dink jy jy moet na die heidense Moab gaan? Is daar nie ander uitkoms nie?"

"Naomi, dis vir my duidelik dat die Here besig is om vir Israel met hierdie droogte en hongersnood te straf vir al die gruwelike sondes wat deesdae kop uitsteek."

"Ja, dan kan Hy ook die heidene seën om sy eie volk daardeur te straf."

Elimeleg is vroeg die volgende oggend op pad. Hy het die Jordaan aan die noordoewer van die Dooie See oorgesteek en daarvandaan suid-waarts al langs die see gehou, met die gedagte om nie Ammoniete raak te loop, wat hom kon lastig val nie. Hy het uiteindelik die monding van die Arnonrivier bereik en geweet dat hy die grens van Moab bereik het. Hy het met die loop van die rivier opgestap en na 'n rukkie die Moabitiese dorpie Aroër langs die rivierloop bereik.

Hananja se lewe in Moab

"Ja vriend, wie is jy en waarheen is die reis?" kom 'n stem na hom in Aramees.

Toe hy opkyk, gewaar hy 'n man wat besig is om in die ruigte fluitjiesriet met 'n sekel te sny. Nadat hulle mekaar gegroet het, het die bekendstelling verder gevolg.

"Ek sien jy is verbaas om nog 'n Judeër soos jy hier te ontmoet My naam is Hananja. Ek het jare gelede as 'n jong man vanaf Jerigo hier by die Moabiete rondgedwaal en daar in hulle hoofstad Kir-Moab, 'n pragtige meisie ontmoet. Na 'n ruk is ons getroud en die owerheid het aan my 'n baie goeie stuk grond op die walle van die Arnon, nader aan die Soutsee, afgestaan. Ek het reeds mooi begin vooruitboer toe my liewe vroutjie ons eersteling verwag. Maar ag, my liewe ou vriend, die Here se wil was nie dat

hulle sou bly leef nie. Albei het met die geboorte die lewe ingeskiet. Ag my vriend, en dit was so 'n mooi, sterk seunskind!"

Hananja kyk Elimeleg aan met 'n traan. "Maar wie is ek om te kla? Die Here wou dit so hê en so is dit!"

Dit blyk verder dat Hananja daarna sy grond verlaat het en hier in die dorpie Aroër vir hom 'n hut kom bou het, en nou reeds jarelank al hier 'n soort kluisenaarsbestsaan voer, omdat hy nie weer na Israel wou terugkeer nie.

Die Moabiete is goed vir hom. Hulle aanvaar hom feitlik as een van hulle omdat hy met een van hul dogters getroud was. Maar vir die Ammoniete moet mens maar versigtig wees.

Hy kyk Elimeleg dringend aan en sê: "Vriend, as jy besluit om hierheen te verhuis, kan julle my grond en my huis wat daar staan, in besit neem en aangaan.

Elimeleg sluk swaar van aandoening en dankbaarheid en sê vir Hananja dat hy dan maar weer dadelik gaan terugkeer na Betlehem, want met sy koms het hy koes-koes 'n paar Ammonitiese bendes vermy. As hy nou 'n uur of wat in Hananja se hut rus, kan hy na 'n nagskof môrevroeg reeds die systroompies van die Jordaan nader, sonder om hom in vyandige Ammoniete vas te loop.

Elimeleg het laat die middag in die pad geval op sy terugkeer na Betlehem en die volgende dag naby sononder vermoeid en sleepsvoets teen die heuweltjie na sy woning in Betlehem gestrompel. Maglon en Giljon het hom gewaar en hom tegemoet gestorm en hom met honderde vrae bestook. Uit hul gebrabbel kon hy wys word dat daar dié nag weer 'n jong tollie gevrek het.

Sy vrou, Naomi, het haar man se opgewonde verslag van sy suksesvolle reis met dankbare trane aangehoor: "Die Here is goed. Hy sal ons seën. Ons gaan daarheen. Die Naam van die Here sy geloof!"

Elimeleg verlaat Betlehem en gaan na Moab

Na Elimeleg se terugkeer uit Moab het daar vir die huisgesin ‘n baie bedrywige tyd aangebreek. Afgesien van die karige getal besies wat nog nie die versengende droogte en hongersnood ten prooi geval het nie, was daar duisend en een dinge waarna omgesien moes word, ingepak moes word, weggemaak moes word, en opgelaai moes word voordat hulle van hul bure en hul geboortegrond afskeid geneem het.

Elimeleg het vir Maglon en Giljon verantwoordelik gemaak vir die trek van sy uitgedunde ou veekuddetjie. Die twee entoesiastiese seuns het hulle baie goed van hul taak gekwyt, sodat hulle met hul aankoms te Aroër geen bees verloor het nie. Hulle het maar suidwaarts, al langs die strand van die Dooi See gehou en af en toe los klompies Ammoniete gewaar, wat hulle egter nie aan die trekgeselsksap gesteur het nie. Die Here het verhoed dat hul argwaan opgewek is en so nuuskierig sou word dat hulle ondersoek sou kom instel.

Die nuwe lewe in Moab

So het die huisgesien van Elimeleg en Naomi, met hulle seuns, Maglon en Giljon ongedeerd die land van Moab bereik en die ruim eiendom van Hananja op die groen walle van die Arnonrivier bereik. Hulle tref vir Hananja daar aan wat hard besig is om vir hulle die woongeriewe in die huis wat hy jare gelede daar gebou het, op te knap. Toe Elimeleg hom met groot dankbaarheid daaroor verbaas, klop Hananja hom op die skouer en sê: “My liewe broer in die Here, hierdie grond van my en hierdie verwaarloosde woning en my vee wat hier feitlik wild loop en nog nie deur Moabitiese stropers gesteel is nie, behoort nou aan jou. Die Here seën jou op hierdie grond. Ek leef goed in my hut op die dorp!”

Watter vol en ryk en besige lewe het toe nie vir hierdie Judeër-gesin in die vreemde aangebreek nie! Oorlaai met stoflike besittings soos ‘n groeiende veekudde en ryk graanoeste op die

landerye, het die Here se seën op hulle hier in die vreemde gerus. So het die eerste genoeglike jare van hulle verblyf in die velde van Moab verbygesnel. Hul twee tienerseuns, Maglon en Giljon, het ongemerk ouer en volwasse geword.

Een aand vertel Maglon aan sy ouers dat hy op ‘n buurplaas ‘n pragtige jong meisie ontmoet het. Sy was baie vriendelik teenoor hom en hy vra dat sy pa met haar ouers moet gaan onderhandel, want hy wil met haar trou. Elimeleg het gegaan. Alhoewel die Moabiete ander huweliksgebruike as die Israeliete handhaaf, was Elimeleg en Maglon tog suksesvol. Maglon het met die pragtige meisie, Rut, getrou en sy is in die familie van Naomi opgeneem.

As ramp en teëspoed toeslaan

Twee jaar later het Giljon ook ‘n meisie van sy hart ontmoet en met haar getrou. Haar naam was Orpa.

Die geluk van die Judeër-gesin was feitlik volmaak. Elimeleg het die Here voortdurend gedank vir sy volgehoue seën van sy huisgesin en Naomi het haar diensvaardige twee skoondogters vertroetel, maar nie een van hulle sou ooit kon droom wat die Here in sy voorsienigheid nog alles vir hierdie huisgesin in die weg gelê het nie.

Een môre kom Hananja by die krale aangestap, waar Elimeleg doenig is. Die Here seën jou! Wat bring jou so vroeg op my spore, liewe broer? Vra Elimeleg. Nadat Hananja gegroet het, sê hy: “Dinge lyk lelik. Daar kom groot moeilikheid. Die Ammoniete het skielik sonder oorsaak met hulle ou rusies teen die Moabiete losgebars en yslike leërafdelings uit die noorde oor die grens gestuur. Daar was ook maar altyd wrywing met die Edomiete hier in die suide en toe hulle agterkom die Ammoniete val ons aan, het hulle dadelik groot bendes oor die grens gestuur om die Moabiete uit die suide te treiter. Nou my vriend, die gemors is dat die militêre adjudante hier in Aroër nie genoeg strydvaardige Moabiete bymekaar kan kry om teen die Edomiete te gaan weerstand bied nie. Toe kom hy daar na my toe en sê vir

my ons Israeliete kan darem nie sommer so lekker hier in Moab bly en niks vir die land beteken nie. Ons moet kom help verdedig en daarom kommandeer hy vir my en vir jou en jou twee seuns op om môre gewapen by die garnisoen op die dorp aan te sluit, om teen die grootste Edomitiese bende wat noordwaarts op pad is, te gaan slag lewer."

Elimeleg het net soos Hananja geweet dat weiering om aan die kommandering gehoor te gee, net één ding sou beteken, naamlik die doodstraf.

Hoe kan alles nie in een dag verander nie! Na 'n hartverskeurende afskeid van hul geliefdes is die drie manne weg en Hananja saam met hulle. Die dae wat daarop gevolg het, was vir die vroue vol angs en kommer en vrees vir die ergste, totdat hulle na weke van wanhoop berig ontvang het dat al drie manne en ook Hananja in 'n verwoede skermutseling met die Edomitiese vyand gesneuwel het.

Naomi keer terug na Betlehem

Toe Naomi en die twee jong vroue uit die waas van hulle smart en ellende weer tot hulself kom, het Naomi deur haar trane heen verklaar: "Die Here het gegee, maar die Here het weer geneem." Sy het haar gereedgemaak met haar skoondogters om die veld van Moab te verlaat en weer na Betlehem terug te gaan, want sy het verneem dat die Here op sy lydende volk ag gegee het deur aan hulle brood te gee. Sy het haar woonplek verlaat en haar twee skoondogters saam met haar. Maar toe hulle reeds 'n entjie weg was, het Naomi haar bedink en aan haar twee skoondogters gesê: "Nee, julle kan nie saam met my gaan nie. Draai om en gaan terug na julle eie moeders se huise toe. Mag die Here aan julle guns bewys, soos julle aan die dode en aan my bewys het. En mag julle binnekort weer elkeen 'n veilige rusplek vind in die huis van die man met wie julle elkeen weer gaan trou."

Toe het daar 'n baie aandoenlike toneel gevolg. Albei het onder trane vir Naomi gesê dat hulle liewer saam met haar wil teruggaan

na haar volk, onderwyl Naomi aanhoudend pleit: "Ag nee, draai om my dogters! Waarom sou julle met my saamgaan? Het ek nog seuns in my liggaam dat hulle julle mans kan word? Ag toe, draai om my dogters, gaan terug, want ek is te oud om 'n man te hê. Al sou ek sê ek het hoop en nog vannag aan 'n man mag behoort en ook seuns baar, sou julle dan kon wag totdat hulle groot geword het? Sou julle in dié geval julle self opsluit om nie aan 'n man te behoort nie? Ag nee, my dogters, luister na my, want dit is vir my baie bitterder as vir julle dat die hand van die Here teen my uitgestrek is."

Daarna het Orpa onder trane haar skoonmoeder gegroet, omgedraai en snikkend begin terugstap. Hulle het vir haar vaarwel gewuif, totdat sy uit die gesig vervaag het.

Naomi kyk Rut aan en sê: "Ag my kind, wil jy dan nie ook soos Orpa omdraai en teruggaan na julle volk en na julle gode toe nie?" Toe draai om agter jou skoonsuster aan.

Rut volg Naomi

Naomi is half verbaas oor Rut se helder en kalm antwoord: "Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die Here so aan my doen en so daaraan toedoen. Net die dood sal skeiding maak tussen my en u."

Daarna het Naomi nie meer daarop aangedring dat Rut na Moab moes teruggaan nie. Die twee vroue het in stilte verder gestap en die volgende namddag vermoeid die eerste huise van Betlehem genader. 'n Vrou wat by die naaste fontein kom water skep het, het hulle gewaar en vir Naomi herken. Sy het tussen die woonhuise deur gestorm en uitgeroep: "Kom kyk! Naomi is terug! Naomi is terug!"

Naomi terug in Betlehem

Binne ‘n ommesientjie is die twee vroue omring deur verskeie ou bekendes wat almal deurmekaar praat: “Is dit jy, Naomi? Vrou, waar was jy al die jare? Waar is Elimeleg en jou seuns? Kom jy weer by ons bly? Welkom terug na al die jare!”

Toe Naomi effens tot verhaal kom na al die vroue se uitbundige verwelkoming en groetery, probeer sy deur haar trane heen om hulle te antwoord: “Baie dankie, liewe vriendinne! Ja, dis ek; maar julle moenie my meer Naomi noem nie. Noem my Mara, want die Almagtige het my baie bitterheid aangedoen. Ek het vol hiervandaan weggetrek, maar die Here het my leeg laat terugkom. Waarom sou julle my Naomi noem, terwyl die Here teen my getuig het en die Almagtige my kwaad aangedoen het?

Maar die vroue het hulle nie aan Naomi se klagtes gesteur nie. Hulle het vir haar en vir Rut teen die heuwel op na hulle ou huis feitlik gedra en dadelik begin om die verwaarloosde, bouvallige ou woning op te knap en leefbaar te maak.

Rut ontmoet Boas

Die twee vroue het daardie nag elkeen in ‘n diep, verfrissende slaap hul vermoeienis in aangename drome laat vervaag. Met die aanbreek van ‘n nuwe dag het die praktiese Rut besef dat sy en haar skoonmoeder nie onbepaald sal kan leef van die welkom aalmoese wat hulle te beurt geval het nie. Sy wou graag aan hulle praktiese voedselvoorsiening ‘n aandeel hê en sê vir Naomi:

“Moeder, ek het gister hier in die vlakte mooi graanlande gesien, waar werkers besig was om met sekels die gars en die koring te sny. Kan ek maar daarheen gaan en al agter die snyers aan vir ons die are optel wat geval het?

“Seker, my liewe kind. En mag jy op ‘n land uitkom waar hulle jou goedgesind sal wees. Die Here sal jou bewaar.”

Rut het toe gegaan en sonder om te besef dat die Here haar voetstappe rig, kom sy op die vlakte by mooi landerye uit, waar die vriendelike voorman haar toestemming gee om agter die snyers aan die are wat geval het op te tel.

‘n Uur of wat later kom Boas, die eienaar van die landerye, uit die dorp by die snyers aan en vra vir die voorman wie die vrou is wat al agter die snyers aan besig is om are op te tel. Hy sê: “Dit is die jong Moabitiese vrou wat saam met Naomi uit die veld van Moab teruggekom het.”

Boas was aangenaam verras. Hy het, soos almal in Betlehem, gehoor van die Moabitiese meisie wat saam met Naomi teruggekeer het. Hy stap nader om persoonlik kennis te maak. “Wees gegroet, my dogter! Ek is Boas. Luister, jy moenie op ‘n ander land gaan are optel nie en jy moet ook nie hiervandaan weggaan nie. Jy moet by my diensmeisies aansluit. Ek het my werksmense gewaarsku om jou nie te molesteer nie. Gaan drink uit die kanne as jy dors kry”.

Toe val sy voor hom neer en sê: “Waarom het ek genade in u oë gevind, dat u in my belangstel, hoewel ek ‘n vreemdeling is?”

“Ek het gehoor wat jy aan jou skoonmoeder gedoen het na die dood van jou man en dat jy jou vader en moeder en jou geboorteland verlaat het en na ‘n volk getrek het wat vir jou vreemd is. Mag die Here jou daarvoor vergeld en jou loon daarvoor groot wees”.

Rut het weer in dankbaarheid voor hom neergeval. Toe Boas haar oprig, was dit reeds duidelik dat hy al baie meer as net blote toegeneentheid vir die pragtige mooi jongvrou koester.

Boas verlief op Rut

Teen etenstyd het Boas vir haar gesê: “Kom hierheen en eet van die brood. Steek jou stukkie in die asyn.” Toe sy reg langs die

snyers sit, het hy vir haar gebraaide koring gegee. Sy het genoeg geëet en daardie aand daarvan vir Naomi saamgeneem.

Na die ete hoor sy hoe Boas aan die werkers bevele uitreik: "Sy mag ook tussen die gerwe are optel. Julle mag haar nie beledig nie. Julle moet ook af en toe bondeltjies are uit die gerwe uittrek en laat lê, sodat sy dit kan optel. Julle mag haar nie keer nie.

Rut het tot die aand toe are opgetel. Nadat sy dit uitgeslaan het, was dit omtrent 'n efa gars. Toe sy in die stad kom, sien haar skoonmoeder die graan en die kos wat sy saamgebring het en vra waar dit alles vandaan kom. Rut vertel van Boas en Naomi sê: "Mag hy geseënd wees! Dié man is ons nabestaande, hy is een van ons lossers".

Rut en die lossingsreg

Rut het ook vir Naomi vertel dat Boas gesê het sy moet by sy diensmeisies aansluit totdat hulle klaar met die hele oes wat aan hom behoort. Rut het dit gedoen.

Naomi het vir haar vertel van 'n lossingsreg wat in Israel gegeld het: As iemand sonder kinders sterf, moet sy naaste familielid sy grond koop en met sy weduwee trou en sodoende vir hom 'n nageslag bou.

"Wat beteken dit vir ons, moeder?"

"My kind, daardie man wat vir jou so goed is op sy landerye, is familie van Elimeleg en van jou oorlede man Maglon. Hy is ons losser. Ons moet hom help om sy plig na te kom. Luister nou mooi:

Die nag op die dorsvloer

"Kyk, ek weet Boas gaan vannag op die dorsvloer gars uitwan. Bad nou vroeg vanaand, salf jou en trek jou beste aan. Gaan af na die vloer toe, maar sorg dat jy in die skemer uit sy pad bly totdat hy klaar geëet en gedrink het. Kyk goed waar hy gaan slaap.

Gaan dan nader en kruip by sy voete in en hy sal later vir jou sê wat jy moet doen."

Sy het so gemaak en teen skemeraand die dorsvloer genader.

Nadat Boas klaar geëet en gedrink het, was hy baie vrolik. Hy het naby die einde van die hoop vir hom 'n bed gemaak en gaan lê. Toe Rut seker is dat hy slaap, het sy sy voete oopgemaak en daar gaan lê.

Omstreeks middernag het Boas wakkergeskrik en die vrou by sy voetenend gewaar en gevra: "Wie is jy?"

"Ek is Rut, u dienares. Ek het gekom om u aan u pligte as losser te herinner."

Toe hoor Rut die mooiste woorde uit sy mond, wat alle spanning in haar laat vervaag en verdwyn:

"Geseend is jy deur die Here, my dogter! Jy het jou laaste liefde beter gemaak as die eerste, omdat jy nie agter jongmanne, arm of ryk, aangeloop het nie. Moenie bang wees nie, my dogter, want die hele stadspoort van my volk weet dat jy 'n deugsame vrou is.

"Ek is die losser, ja, maar daar is nog 'n losser nader as ek. Bly vannag hier. As hy jou môre wil los, goed. Maar as hy nie lus het om dit te doen nie, sal ek jou los. Bly lê tot môre."

Sy het daar tot die volgende môre by sy voete gelê, maar dou voor dag opgestaan. Hy vra toe die tjalie wat sy om haar skouers het. Hy het daarin 6 mate gars afgemeet en op haar skouers geplaas. Hulle is albei baie vroeg daar weg.

Toe sy by Naomi kom, het sy haar alles vertel wat met haar plaasgevind het en gesê: "Hierdie ses mate gars het hy my gegee en gesê: "Jy moenie met leë hande by jou skoonmoeder kom nie."

Naomi sê: "Dis wonderlik, Rut. Kom ons wag nou maar geduldig, want ek is seker die man sal nie rus voordat hy nog vandag die saak afgehandel het nie."

In die stadspoort

Boas het direk na die poort gegaan en daar gaan sit. Hier is gereeld ooreenkomste aangegaan en geskille besleg. Vandag is hier ook 'n klompie nuuskieriges teenwoordig.

Boas sien die ander verlosser verbystap en roep na hom: "Kom hiernatoe, vriend, ek wil met jou praat."

Toe hy by hulle gaan sit, roep Boas nog tien ander leiers uit die dorp en vra dat hulle as getuies moet optree. Hy sê vir die ander losser: "Naomi wat uit Moab teruggekom het, wil die landerye wat aan Elimeleg, ons bloedverwant behoort het, verkoop. As jy die landerye wil hê, moet jy jou hier as verlosser verklaar. As jy nie wil nie, moet ek dit nou weet, want ek is die volgende losser na jou."

Die man sê: "Dis goed. Ek sal as losser optree."

"Dan moet jy ook met die Moabitiese vrou, Rut, trou, sodat sy kinders kan hê en haar man se naam voortsit en die landerye in die fasmilie hou."

"Nee, dan kan ek nie los nie, want dan bederf ek my erfdeel. Neem jy asseblief my lossingsreg oor, want ek kan nie los nie."

Boas trou met Rut

Toe sê Boas vir almal wat daar sit. "Julle is vandag getuies dat ek alles wat aan Elimeleg, Giljon en Maglon behoort het, uit die hand van Naomi koop. Ek verwerf ook vir Rut, die Moabitiese, die vrou van Maglon, vir my as vrou, sodat die naam van die dode nie uitgeroei word nie. Julle is getuies."

Toe sê al die getuies: "Ons is getuie. Mag die Here die vrou wat nou in jou huis kom, maak soos Rachel en Lea, van wie die hele volk afgestam het.

Boas het toe met Rut getrou en sy het vir hom 'n seun gegee. Sy naam was Obed.

Naomi se nuwe geluk

Toe sê die vroue van die stad vir Naomi: Loof die Here wat vir jou 'n losser gegee het. Hy sal jou siel verkwik en jou in jou grysheid versorg. Jou skoondogter wat vir jou meer werd is as sewe seuns, het hom vir jou gegee.

Naomi het die kind geneem en op haar skoot gesit. Sy het sy pleegmoeder geword.

Obed in die geslagsregister van Dawid

Boas was 'n afstammeling van Peres, die stamvader van Juda. Obed was die pa van Isai, koning Dawid se pa.

Die Here het hierdie mooi verhaal van Naomi en Rut laat plaasvind om vir ons te toon dat Hy in die aardse voorgeslag van sy heilige Seun, onse Here Jesus Christus, ook gebruik gemaak het van 'n nie-Israelitiese heidense vrou, die Moabitiese meisie Rut, wat haar so volkome vereenselwig het met Israel en geglo het in die Here hulle God.

Die heel mooiste liefdesverhaal In die Bybel

Dit staan in Johannes 3 vers 16 en lui só:

Want só lief het God die wêreld gehad
dat Hy sy eniggebore Seun gegee het,
sodat elkeen wat in Hom glo
nie verlore sal gaan nie
maar die ewige lewe kan hê.

Dankie my God vir die ewige lewe
waarheen u besig is om my te neem!